# HOOFSTUK VII.

## TIPOLOGIEË VAN LEWENSOPVATTING.

1. DIE TAAK VAN 'N TIPOLOGIE VAN LEWENSOPVATTING: Daar is aangetoon dat die vraagstuk van die moontlikheid van 'n pedagogiese tipologie teen 'n omvattende wysgerige agtergrond gesien moet word. Immers, die pedagogiek is in dieselfde problematiek as die wysbegeerte betrokke, tewete die probleem van die mens. Waar die wysbegeerte in antropologiese verband die bestaanswyse van die mens na sy moontlikhede en voorwaardes begrypbaar probeer maak, knoop die opvoedkunde by die bestaanswyses aan met die oog op voldoening aan die eise van 'n behoorlike bestaan. Die moontlikheid is daar dat die mens as iets anders kan bestaan hoewel sy eintlike bestaan nooit van die vraag na die behoorlike losgemaak kan word nie.

Die opvoedkunde na sy teoreties-filosofiese kant het met die vraag na die moontlikheid van sinvolle mensebehandeling te doen. Hierin is die wysbegeerte die opvoedkunde van diens. Waar dit in die opvoedkundige teorie en praktyk om sinvolle mensebehandeling gaan, ontstaan onmiddellik die vraag na wat sinvol is. Die probleem van die absoluut sinvolle val vir beantwoording mynsinsiens geheel en al buitekant die kader van menslike bevattings- en deurdringingsvermoë. Elke interpretasie van die sinvolle is 'n menslike interpretasie en wel in terme van die menslik-relatiewe. Beide die konsepsie van die sinvolle en die interpretasie is menslik-relatief, ontoereikend, gebrekkig en onvolmaak. Alle dinkwerk, alle doeleindes wat die mens nastrewe, alle waardebepaling en waardebepalende deelname is en bly mensewerk.

Die sinvolle van mensebestaan en dus ook van mensebehandeling word geïnterpreteer in terme van die waardevolle. Hierdie waardevolle kan van die aard van 'n uiterste individualisme, subjektiwisme en relatiwisme wees. 'n Interpretasie

van/.....

van die sinvolle in terme van die individueel waardevolle gaan gewoonlik met willekeur, vooroordeel, partydigheid en vooringenomenheid gepaard. 'n Sodanige interpretasie mis die omvattende kenmerke van die eis van behoorlikheid. Daar is 'n oorheersing van die sosiale en suprasosiale neiginge deur die vitale en egofilistiese. Mens kan dit onverantwoordelike bestaan noem. Verantwoordelike bestaan daarteenoor is vry van opsetlike subjektiwisme en individualisme; daar word gelewe en gewerk in gehoorsaamheid aan beginsels en ideale veral van 'n sedelike en religieuse aard.

Daar is reeds op gewys dat die mens die vraag na homself en die sinvolheid van sy bestaan alleen kan stel en beantwoord omdat hy waardes erken en gehoorsaam en hulle verwesenliking begeer. Hy is deelgenoot van 'n waardestruktuur of waarderyk. Hierdie waarderyk hou 'n eis van behoorlikheid in. Sonder so'n regulatiewe element sou opvoeding as sinvolle mensbehandeling totaal onmoontlik gewees het en sou daar van reg en geregtigheid, straf en beloning, toerekenbaarheid en verantwoordelikheid, opvoeding en regspraak geen sprake wees nie. Ook die formulering van die ideaaltipiese is slegs moontlik omdat die mens deur intuïtiewe aanvoeling met die idee van die behoorlike en die mees waardevolle kan partisipeer. Intuïtiewe partisipasie met die idee van die behoorlike of ook met die wêreld van die gansandere, moet as 'n noodsaaklike voorveronderstelling aanvaar word, anders sou die mens 'n dier gewees het. Elke beïnvloeding van 'n ander en elke verandering wat beoog word, dit sy by die persoon self of by 'n ander, moet as 'n poging tot vergestalting van die idee gesien word. Daarom is opvoeding as opsetlike en verantwoordbare inwerkingsbedrywigheid die menslike poging van die opvoeder om die sinvolle in mensebestaan te bevorder. Dieper gesien gaan dit nie om die persoon van die opvoeder en in 'n mindere

mate/.....

mate ook nie om dié van die opvoedeling nie, maar om die idee wat beide opvoeder en opvoedeling opeis. Die oerfeite wat aan mensebestaan verbonde is, wys daar uitdruklik op dat die ideële en behoorlike buitengewone beslag op sy doen en late lê. Die ondervinding leer dat die mens sedelike doeleindes nastrewe, dat hy hom in liefdevolle oorgawe aan 'n saak ook via 'n persoon kan wy en dat hy in krisisoomblikke bereid is om selfs sy lewe ten offer te bring ter wille van beginsels en ideale. Sulke dinge is alleen moontlik omdat die mens uit 'n hoër dimensie as die humane alleen lewe. Om dié dinge te verklaar, is nie moontlik nie. Dit val buitekant die skematiseerbare en rasioneel-bewerkbare. 'n Mens het lief sonder dat jy daarvoor 'n verklaring kan gee en wie 'n verklaring vir sy liefde probeer gee, het mynsinsiens nie lief nie. Eweso: wie die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid aan die behoorlike wil verklaar of daaroor wil redeneer, is ongehoorsaam. Ons het hier met sekerhede van die gemoed te doen en sekerhede van die gemoed is net so seker as sekerhede van die verstand. Maar ondanks die voorgaande opmerkinge het die mens tog behoefte aan skematisering en rasionalisering of sisteemvorming. Hy vorm denkbeelde oor die waardevolle en sistematiseer hulle om so goed moontlik aan die kenmerke van 'n logiese sisteem te voldoen. Maar watter leer ook al aangebied word, is die lewe altyd sterker as enige leer. "De mensch is meer dan 'denker'; het zijn ten slotte existentieele beslissingen niet zuiver theoretische oordeelvellingen, die zijn levenshouding bepalen."(1)

Deur sy lewe van wil en waardebepaling en deur sy opvoedkundige doelstellinge en bemoeienisse gee die mens blyke waaraan hy waarde heg. In die oorwegende geneigdheid

wat/.....

(1) Kohnstamm: Mensch en Wereld, 186.

wat by 'n groep persone bestaan, benader hulle die ideaaltipiese en laat hulle blyk wat hulle idee van die beroep is. Die oorwegende geneigdheid van 'n duursame aard impliseer 'n rangorde van waardevoorkeur deur waardeteëstelling. In die formulering van ons probleemstelling vir die onderhawige studie en ondersoek het ons beweer dat elke pedagogiese tipologie in werklikheid 'n tipologie van lewensopvattinge is. Dit kan ook nie anders wees nie want wanneer iemand met pedagogiese arbeid besig is, het hy met die mens wat deur die idee van behoorlikheid opgeëis word, te doen. Indien dit korrek is om te beweer dat die tipe die gekonstrueerde ideaalgeval vir 'n mens of 'n groep is en dat die persoon of die groep die idee van onderwyser benader, dan is hulle benaderingswyse as opvoedkundiges en opvoeders 'n indikasie van hulle lewensopvatting of hulle sisteem van denkbeelde met betrekking tot die waardevolle.

Onder 'n lewensopvatting word dan verstaan daardie sisteem of eenheidsbeeld van 'n persoon of persone waarin sy of hulle opvatting van die waardevolle en die behoorlike uitgedruk word. Dit is 'n indikasie van sy of hulle interpretasie betreffende die sinvolle en die behoorlike uit mensebestaan. Hierdie eenheidsbeeld is regulatief insoverre dit die persoon se aktiwiteite ten opsigte van die waardevolle bepaal. Hy wend bepaalde maatstawwe by sy aktiwiteite aan. Hierdie maatstawwe vorm 'n integrale deel van die eenheidsbeeld wat hy ten opsigte van die realiteit van die waardevolle huldig. Die maatstawwe lê implisiet in hierdie eenheidsbeeld en hoe duideliker sy opvattings geformuleer is oor die gebied waarop bepaalde maatstawwe van toepassing is, hoe duideliker die maatstawwe volg. Hierdie eenheidsbeeld is egter geen vaste patroon wat deur die persoon aangeleer kan word nie, maar is

so/.....

so eng en innig met sy bestaan verbind dat die beeld telkens kan wissel. Tussen eenheidsbeeld en bestaan kan dus gedurige wisselwerking wees.

Die taak van 'n tipologie van lewensopvattinge is om 'n onderskeiding tussen verskillende lewensopvattinge te maak, om hierdie lewensopvattinge duidelik te omskrywe en om aan te toon watter prinsipiële verskille daartussen bestaan. By 'n tipologie van lewensopvattinge is daar dus sprake van die volgende:

(a) 'n beskrywende aspek,
(b) 'n vergelykende aspek,
(c) 'n soektog na die prinsipes waarvolgens die onderskeidinge gemaak word en
(d) 'n soektog na daardie element of struktuur ten opsigte waarvan daar 'n verskil bestaan.

Die lewensopvatting weerspieël tegelyk die grondhouding van die mens teenoor 'n bepaalde realiteit. Tog is lewensopvatting en grondhouding nie dieselfde nie want die grondhouding is 'n houding wat 'n mens inneem teenoor iets anders. Dis die wyse waarop die mens bestaan terwyl die lewensopvatting deur bykomstige faktore gekleur is en so ver moontlik aan die eise van 'n logies-samehangende sisteem moet voldoen. Die grondhouding is in die mens se bestaan gewortel en besit hy kragtens die feit van sy bestaan. Dit is 'n synsverbondenheid. Die grondhouding behoef geen genetiese verklaring nie. Dit kan ook nie verklaar word nie want dat die mens 'n grondingesteldheid besit, is 'n faktum, maar wat hierdie grondhouding is en eintlik wat dit by spesifieke mense is, is die probleem waarmee die beskrywende aspek van die tipologie van lewensopvatting te make het.

Die verdere taak wat in hierdie hoofstuk deurgevoer moet word, is reeds in die laaste sin van die vorige paragraaf geformuleer. Proewe van 'n pedagogiese tipologie as tipologie van lewensopvatting moet aantoon wat die grondhouding

van/.....

'Spesifieke mense' dui op tweeërlei:

(a) diegene wat hulle reeds met probleme van grondhouding besig gehou het en

(b) diegene wat spesiaal na die inhoud van die grondhouding getoets word.

Die verdere taak vir afhandeling in hierdie hoofstuk is beperk tot die eerste van die so pasgenoemdes en wel 'n ondersoek na die sienswyses van diegene wat hulle reeds uitgespreek het oor die inhoud en strekking van die grondhouding. Dit sal meer van 'n beskrywende as vergelykende aard wees, hoewel vergelyking geensins uitgesluit is nie. In die werk van beskrywing moet ook die beginsels waarvolgens die onderskeidinge gemaak is, aandag geniet om dan meteen ook die element of struktuur ten aansien waarvan 'n verskil bestaan, aan te toon.

Aangesien die literatuur op hierdie gebied net so omvangrik is, moet ook hier 'n keuse gemaak word. Onder die reeks wat vir die doel van hierdie studie en ondersoek spesiaal op die gebied van tiplogieë van lewensopvatting uiters waardevolle bydraes gelewer het, verdien Dilthey, Spranger en Kohnstamm vermelding. Laasgenoemde twee is op die gebied van die opvoedkunde geen onbekendes nie. Hierdie drie se denkbeelde moet kortliks die aandag geniet. Ongelukkig moet die pragtige sienswyses van vermaardhede soos Schiller, Kierkegaard, Nietzsche, Jaspers, Sorokin, Schubart, e.a. onvermeld verbygegaan word.

2. <u>DIE TIPOLOGIE VAN WÊRELDBESKOUINGE VAN DILTHEY</u>: Wilhelm Dilthey (1833-1911), voorloper van die anti-intellektualistiese lewensfilosofie, moet as een van die geestelike vaders van moderne tipologieë van lewensopvatting beskou word. Hy praat van tiplogie van wêreldbeskouinge[1] waarmee eintlik lewens-

opvattinge/.....

(1) Dilthey: Gesammelte Schriften, Bd. 8. 75.

opvattinge bedoel word. Dit was sy studie van die geskiedenis wat vir hom as wysgeer die probleem helder laat insien het. Hy was van oortuiging dat filosofie en geskiedenis sodanig met mekaar in verband gebring moet word dat die filosofie histories en die geskiedenis filosofies beoefen moet word. Om dit te bewerkstellig, moet die groep wetenskappe waartoe beide behoort, naamlik die geesteswetenskappe nie soseer afgegrens word nie as wel na hulle taak en roeping, hulle metode en waarde gevra word. Die gebied wat deur hierdie wetenskappe ondersoek word, lê nie buitekant die mens nie maar is dit die mens en die menslheid, of soos dit na regte genoem behoort te word, die gees van die mens in sy geobjektiveerde vorme. Die gegewens is geensins minder reëel as dié van die natuurwetenskappe nie, hoewel van ander metodes en begrippe gebruikgemaak word en as die begrippe dieselfde is, dan het hulle 'n ander betekenis. Waar dit in die natuurwetenskappe om ontleding en verklaring gaan om inwendige samehange bloot te lê, gaan dit by die geesteswetenskappe om die vraag waarop die gegewens dui en wat hulle betekenis vir die mens en menslike bestaan is. Dit gaan dus om beoordeling en waardering.

Dilthey, en ook sy leerling Spranger, het ewe-eens die voorlopers van 'n nuwe rigting op die gebied van die psigologie geword en wel van die geesteswetenskaplike psigologie wat in skerp teëstelling met die natuurwetenskaplik-georiënteerde psigologie te staan kom. Hulle verwerp geensins die laasgenoemde tipe psigologie nie, maar beskou hom as ontoereikend om alle psigiese verskynsels volledig te verklaar. Waar die natuurwetenskaplike psigologie hom rig op die elemente en die samestellende dele, gaan dit by die geesteswetenskaplike psigologie om die geheel of die totaliteitstruktuur van die siel. In teenstelling met die kousaal-verklarende metode van

die/.....

die natuurwetenskappe om daarmee tot algemeengeldige wetmatighede te geraak, bedien die geesteswetenskaplike psigologie hom van die 'verstehende' of begrypende metode. Hierdie metode probeer om tot innerlike samehange deur te dring en om hierdie samehange in sinvolle verband met objektiewe waardegebiedens te begryp. Waar die aan die natuurwetenskappe georiënteerde psigologie van eksperiment en meting en die hiermee samehangende tegnieke gebruik maak, probeer die geesteswetenskaplike psigologie om deur sinbegrypende nabelewing die verskynsels te verstaan. Om te verstaan, beteken om onmiddellik en intuïtief die samehange te begryp - dit is eintlik 'n intuïtiewe greep wat toegepas word. Om te begryp, beteken om geestelike betrekkinge sinvol te interpreteer. Iets het sin wanneer dit as konstituerende lid van 'n waardegeheel gesien word. Twee begrippe wat eintlik funksies is, staan prominent op die voorgrond, naamlik belewing en verstaan. Dilthey het dit as sy eintlike lewenstaak gesien om hulle volledig te ondersoek.

Wat Kant deur middel van sy kritiek van die suiwere rede vir die natuurwetenskappe gedoen het, wou Dilthey vir die geesteswetenskappe verrig. Hy sien sy taak dus as 'n voortsetting van dié van Kant. 'n Vervolg op die kritiek van die suiwere rede was nodig en wel in die vorm van 'n kritiek van die historiese rede. Dilthey kan dan ook op sy beste gekwalifiseer word as die wysgeer van die historiese rede. Streng genome, sê hy, ken elke mens net homself. Alle kennis begin by selfkennis en sou dit ook by selfkennis geëindig het indien elke mens nie as 'n afwerpsel uit of as 'n manifestasie van die objektiewe of algees gesien word nie. Die invloed van Hegel is meteen duidelik.(1) Die mens kan sy beperkte kennis en belewenisse die beste uitbrei deur 'n studie

van/.....

(1) cf. Dilthey: Gesammelte Schriften, Bd. IV, 1-247.

van groot persoonlikhede te maak. Hierdeur word belewing en verstaan beoefen en uitgebrei, en kan selfs 'n matige religieuse mens diep religieuse belewenisse deurmaak deur byvoorbeeld 'n studie van 'n religieuse genie soos Luther te onderneem. Dis dan ook verstaanbaar waarom Dilthey so baie biografiese studies, veral van digters, ontwerp het.

Sy historiese studies oor die verskillende vorme van lewensopvatting sedert die Renaissance - later is dit na die klassieke oudheid en Middeleeue uitgebrei - het hom voor die probleem van klassifisering of tipologisering gebring. Hiermee wou hy veral die hierargie van waardes en die onderlinge verhouding van die waardegebiedens aantoon. Die filosofie moet geen wêreldbeskouing of metafisika lewer nie maar die verskillende tipes van lewensopvatting opspoor. Vir die doel hiervan moet die ondersoeker hom tot die geskiedenis wend en wel tot die persoonlikhede self. Die metode wat aangewend moet word, is dié van nabelewing en sinbegrypende verstaan van geobjektiveerde geestesvorme as uitinge van indiwidue, groepe of gemeenskappe. Op grond van so'n benaderingswyse word twee kante van die onderhawige persoonlikheid meer toeganklik. Hulle is eerstens die wêreldbeeld wat aan die werking van die persoonlikheid en sy lewenshouding ten grondslag lê en tweedens die waardes waardeur 'n persoonlikheid hom laat lei. Die groot verdienste van die begrypende metode is geleë in die moontlikhede wat dit bied om die afhanklikheidsbetrekkinge te ontdek tussen wêreld en rigtinggewende waardes van 'n persoonlikheidstipe sowel as in die aantoning van die onderlinge verhouding van die verskillende waarderigtinge asmede die historiese bepaaldheid van die optrede van bepaalde tipes.

Dilthey was sonder twyfel die eerste gewees wat bewus begryp het dat persoonlikheidsverskille ten grondslag

hiervoor vind 'n mens in die feit dat bepaalde lewensopvattinge slegs op bepaalde groepe mense invloed uitoefen en aanklank by hulle vind. Die geweldige antipatie of simpatie vir die een of ander lewensopvatting is mede hierin gefundeer. Nogtans het hy hom die vraag gestel hoeveel tipes van lewensopvatting in die Europese filosofie sedert die Renaissance veral onderskei kan word. As basis vir sy sistematiese afbakening maak hy gebruik van 'n driedeling van geestesfunksies, naamlik verstand, wil en gevoel. Met hierdie driedeling as basis onderskei hy dan op grond van sy historiese studies 'n drieërlei rigting van lewensopvatting. Hulle is:

(a) Die positiwistiese of materialisties-naturalistiese stelsels met die verstand as die bepalende faktor. As tipiese verteenwoordigers van hierdie rigting noem hy Democritus, Epicurus, Hobbes, die Franse ensiklopediste, Comte, Mill, Spencer, Mach en Avenarius.

(b) die subjektief-idealistiese stelsels of stelsels van die idealisme van die vryheid. Hier is dit die wil wat bepaal. As voorbeelde word genoem Plato, Cicero, die Kerkvaders, die Skolastiek en Reformasie, Kant, Fichte, Schiller en Carlyle.

(c) die objektief-idealistiese stelsels waar die gevoel die hooflid van die driedeling is. Voorbeelde van die objektiewe idealisme is Herakleitos, die Stoa, Giordano Bruno, Spinoza, Leibniz, Shaftesbury, Goethe, Schelling, Schleiermacher en ook Hegel.(1)

Saam met Rümke(2) wil ons hulle die lewensopvattinge

van/.....

(1) cf. Dilthey: Gesammelte Schriften, Bd. 5, 402-404.
" : Gesammelte Schriften, Bd. 8, 75-121.
(2) cf. Rümke: Inleiding in de Karakterkunde, 227-228.

van die sintuiglike, heroiese en kontemplatiewe mens noem. Oor elke tipe 'n paar opmerkinge:

(a) Die sintuiglike mens is aan die genot van aardse goedere oorgelewer. Hy voel hom aan die natuur gebonde en deur sy driflewe as't ware daaraan geketting. Daar is 'n natuurlike verwantskap met die teorie van die naturalisme waarin gewoonlik geïmpliseer is 'n sensualistiese kennisleer, 'n materialistiese metafisika en 'n eudaemonistiese etiek.

(b) Die heroiese mens huldig 'n ander lewensopvatting. Hier lê die waarde wat rigting gee nie in die dimensies van die sintuiglike en teoretiese nie maar in die sfeer van die wil. Die heroiese mens vind nie in teoretiese bespiegelinge of in sintuiglike en sinnelike genot sy hoogste bevrediging nie maar in handeling, veral met die doel om weerstande te oorwin. Hy is alles behalwe fatalisties. As persoon wat oorwegend uit sy wil lewe, is hy daarvan oortuig dat dinge is wat hulle is as gevolg van menslike wil en opset. Dinge kan deur dieselfde funksies wat hulle veroorsaak het, weer verander word. In hoofsaak skep die mens self sy heil of verdoemenis.

(c) Die kontemplatiewe mens voel hom een met die heelal. Hier vind ons nie die skerpe teëstelling tussen natuur en gees soos by die heroiese mens nie. Die diepe verwantskap en harmonie van alle dinge dring hulle aan sy invoelende houding op. God is vir hom immanent in die wêreld, vandaar dat die panteïsme as die mees adekwate religieuse grondvorm aanvaar word. Die suiwerste verteenwoordigers van hierdie groep is die kontemplatief-estetiese nature. Hulle is meesters op die gebied van intuïtiewe partisipasie met die idee.

Hiermee/.....

Hiermee moet wat Dilthey betref, volstaan word.[1]. In ons poging tot formulering van 'n eie tipologie van lewensopvattinge en 'n pedagogiese tipologie, sal vir die werk van sintese en van toepassing van sienswyses weerens hiervan melding en gebruik gemaak word.

3. DIE GEESTESTIPES VAN SPRANGER: Eduard Spranger (1882-), wysgeer-pedagoog-psigoloog, is die voortsetter van die geesteswetenskaplike psigologie van Dilthey. Laasgenoemde se beskouinge het hy verder uitgewerk, sy eie geformuleer en daarop sy opvoedkunde gegrondves. Enkele opmerkinge oor sy psigologie en pedagogiek is vooraf nodig met oog op die juiste verstaan van sy geestestipes.

Daar is reeds kortliks op die verskille tussen 'n geesteswetenskaplike en 'n natuurwetenskaplik-georiënteerde psigologie gewys. Ook Spranger is van oortuiging dat alleen die metode van sinbegrypende nabelewing die ondersoeker in staat stel om tot die wese van samehange deur te dring met die doel om hulle te begryp. Om te begryp, beteken om geestelike samehange sinvol te interpreteer. Die sinvolle is geleë in die ordening van dele in 'n waardegeheel. Iets het sin wanneer dit as samestellende lid in 'n geheel van waardes geplaas kan word of wat 'n konstituent of faktor van 'n waardetotaal uitmaak. 'n Gebeurtenis of proses word die beste begryp wanneer ingesien word watter plek hierdie proses of gebeurtenis in die verwesenliking van 'n doel of waarde waarop die geheel van prosesse gerig is, inneem. Elke daad kry betekenis wanneer dit in sy verhouding tot die verwesenliking van 'n waarde beskou word. Die betekenis van enige

daad/.....

(1) cf. verder oor Dilthey: (a) Kohnstamm: Mensch en Wereld, 186-188.
(b) Kohnstamm: E.N.S.I.E. I, 493-494.
(c) Selz: op. cit., 1-27.

daad waarby die mens betrokke is, kan nie in terme van die gebeurtenis self beoordeel en waardeer word nie maar moet daar telkens tot 'n hoër waardetotaal uitgestyg word in die lig waarvan die waarde geïnterpreteer kan word. Elke interpretasie is derhalwe 'n interpretasie in terme van sy betrokkenheid op waardes as sinvolle gehele. Elke sinvolle geheel kan op sy beurt lei tot 'n nog hoër geheel. Sodoende ontstaan 'n hierargie van sinvolle gehele.

As opvoedkundige en psigoloog is Spranger verplig om hom oor die vraagstuk van sinvolle mensebehandeling uit te spreek. Sy sienswyses dienaangaande spreek die duidelikste in die lig van sy omskrywing van die begrip opvoeding. Hy sê:

"Erziehung ist der von einer gebenden Liebe zu der Seele des anderen getragene Wille, ihre totale Wertempfänglichkeit und Wertgestaltungsfähigkeit von innen heraus zu entfalten. In dieser Begriffsbestimmung sind inhaltlich sehr wichtige Entscheidungen über das Wesen der Erziehung enthalten. Es liegt in ihr: 1. dasz die seelische Entwicklung allein von den Werten aus beeinfluszt werden kann, nicht von der bloszen Gesetzlichkeit eines Sachgebietes als solchen: 2. dasz alle wahre Erziehung in der formalen Bildung ihren Mittelpunkt hat, in der Kraftbildung, nicht in der Stoffübermittelung; 3. dasz sie immer von einem religiösen Geist erfüllt sein wird, weil sie auf das Ganze der Seele und auf ihre Stellung zum ganzen Leben gerichtet ist."(1)

Hierdie omskrywing met persoonlike kommentaar is buitengewoon veelseggend. Vir opvoedingsdoeleindes is nodig 'n gedrewenheid deur liefde tot vereenselwiging en meebelewing met die toestand van 'n ander. Meebelewing is 'n voorwaarde vir verstaan. Maar laasgenoemde impliseer meer as deurlewing van 'n ander se belewing. Dit kan so maklik in selfbevangenheid eindig. Elke sweem hiervan moet verbreek word wat beteken dat die beoordeling in die lig van omvattender totaliteite as die momentele en fragmentariese sal geskied. Dis essensieel dat ons vir opvoedingsdoeleindes 'n ander beter as onsself sal verstaan. Die opvoedeling moet in terme van iets buitekant homself verstaan word en wel vanuit 'n bepaalde waardegebied.

Dit/.....

(1) Spranger: Lebensformen, 338.

die besef van die noodsaaklikheid van inpassing van ander in 'n hoër synsverband sal verkeer, dat hy met hierdie besef sy opvoedelinge sal benader om hulle te verstaan maar hulle dan sal mobiliseer om deur eie kragsinspanning by hoër verbande in te skakel. "Sinn aller Bildung ist immer Personalität." Spranger sien die mens alles behalwe as lid van 'n a-morele natuurorde. Hy is 'n geestelike wese wat op die verwesenliking van waardes ingestel is. Om hom as lid van 'n waarderyk te verstaan, moet telkens tot die kern van die persoonlikheid deurgedring word. Die betekenis van die persoonlikheid is geleë in die deurlewing en nastrewing van waardes. Hierdie waardes lê beslag op al sy lewensuitinge. Hulle rig sy gedrag op grond van die behoorlikheidseis wat deur hulle geïmpliseer word. As 'n mens die mens wil leer ken en verstaan, moet hy in die aard van sy gerigtheid op en ontvanklikheid vir objektiewe waardegebiedens gesien word. Die personaliteit van die persoonlikheid lê in die waardes wat hy huldig. "Sage mir, was dir wertvoll ist, und ich will der sagen, wer du bist."(1)

Die psigologie van Spranger is struktuurpsigologie. As sodanig is dit 'n reaksie op die elementepsigologie. 'n Struktuur is 'n innerlike georganiseerde geheel waarvan die dele in organiese verband met mekaar staan. Die dele bestaan ten behoewe van die geheel en in aard en werking word hulle deur die geheel bepaal. Ook die siel is 'n struktuur. Dis 'n totaliteit of eenheid wat op waardeverwesenliking ingestel is. Die grondtendens van die siel is om waardes te verwesenlik en te objektiveer. Om die indiwiduele struktuur te

verstaan/.....

(1) Ibid., 305.

verstaan, moet dit as lid van 'n nog hoër struktuur beskou word. Dit kry eintlik eers sin wanneer dit as lid van 'n super-indiwiduele struktuur gesien word. Die indiwiduele struktuur is die subjektiewe gees, die super-indiwiduele die objektiewe. Die subjektiewe gees as draer van waardes wat binnekant die indiwiduele mens bestaan, verteenwoordig 'n indiwiduele geesteshouding terwyl die objektiewe gees die waardes behels wat buitekant die indiwiduele mens bestaan. Laasgenoemde is die totale geesteslewe van die mensheid of die geobjektiveerde kultuur en bevat al die waardes wat as ewige rigtinggewende beginsels geld. Die subjektiewe gees word deur deelname aan die objektiewe gees gevoed. Hy oriënteer hom aan sodanige kultuurwaardes wat as norme, ideële rigpunte of rigtingskonstante die persoonlikheid vorm, beide na sy konstitutiewe en regulatiewe aspekte. Tog moet die geobjektiveerde kultuurvorme nie los en onafhanklik van die subjektiewe gees gedink word nie. Dis die mensheid wat in sy historiese gang hierdie tans geobjektiveerde vorme voortgebring het. Hierdie vorme as ideële wesenhede kan sonder indiwiduele mense as deelnemers daaraan en instandhouers daarvan nie bestaan nie. Van elke indiwiduele mens word verwag dat hy nie net erfgenaam nie, maar ook erflater sal wees. In die indiwiduele gees word steeds iets van die objektiewe gees weerspieël. Hierdie weerspieëling is indiwidueel baie verskillend met die gevolg dat by elkeen 'n eiesoortige waardesisteem aanwesig is. In die meerderheid gevalle domineer een van die waardes. Die moontlikheid van mengvorme word dus oopgelaat wat in werklikheid dan ook voorkom soos by die tegniese mens.

Spranger onderskei 'n sestal konstituente in die geobjektiveerde kultuur wat hy kultuurwaardes noem. Aan die hand hiervan kom hy tot dieselfde aantal tipes. Na mate een van hierdie waardes nou domineer, kry ons 'n bepaalde lewens-

vorm/.....

vorm of menstipe met oorheersende geneigdheid in die rigting van daardie waarde. Die sestal kultuurwaardes is die wetenskap, ekonomie, kuns, godsdiens, staat en gemeenskap. Hiermee korrespondeer ses lewensvorme al na gelang een van die kultuurwaardes domineer. Hulle is die teoretiese mens, ekonomiese mens, estetiese mens, religieuse mens, magsmens en sosiale mens. Die oorheersende tendens by elkeen is dat die eerste dink, die tweede werk, die derde geniet, die vierde aanbid, die vyfde heers en die sesde dien. Hy waarsku uitdruklik daarteen dat sy tipes geen fotografiese weergawes van konkrete gevalle is nie maar dat konkrete gevalle sulke tydlose ideale geestestipes benader. "Man halte sich gegenwärtig, dasz die Grundtypen..... nicht etwa Photographien des wirklichen Lebens sind, sondern auf einer isolierenden und idealisierenden Methode beruhen. Es entstehen auf diese Weise zeitlose Idealtypen, die als Schemata oder Normalstrukturen an die Erscheinungen der historischen und gesellschaftlichen Wirklichkeit angelegt werden sollen. Sie ergeben sich daraus, dasz jeweils eine bestimmte Sinn- und Wertrichtung in der individuellen Struktur als herrschend gesetzt wird. Nach unserem Prinzip, dasz in jeder geistigen Erscheinung die Totalität des Geistes irgendwie immanent sei, können dann die anderen geistigen Akte nicht fehlen. Aber ihre Leistung wird jedesmal so ungebogen, dasz sie der vorherrschenden Wertrichtung in einem näher zu erörternden Sinne untergeordnet erscheinen. Sie tragen ihre Färburg, oder, wenn dies nicht möglich ist: sie werden bis zur Bedeutungslosigkeit herabgedrückt."

Die ideaaltipes wat in werklikheid geidealiseerde tipes is, word ontwerp op grond van motiewe wat in die lewe tot uitdrukking kom. Die tipes staan buitekant die tyd en word toegepas op die verskynsels van die histories-maatskaplike werklikheid. Die tipe is altyd waar hoewel hy nog nooit bewaarheid is nie. Die indiwiduele lewensvorm benader alleen die ideaaltipiese. Hierdie konkrete indiwidu wat 'n bepaalde lewensvorm openbaar, word in sy besondere rigting deur 'n oorheersende motief gedrywe. Wat die motiewe betref, is daar twee soorte, naamlik 'n indiwiduele en 'n sosiale. Onder die indiwiduele ressorteer die teoretiese, ekonomiese,

estetiese/.....

estetiese en religieuse en onder die sosiale die magspolitieke en sosiale. Aan elkeen hiervan moet na sy inhoud kortliks aandag geskenk word want wanneer later beweer word dat proewe van 'n empiriese tipologie die religieuse of eventueel die sosiale van Spranger benader, sal kennis van die inhoudelikheid hiervan onmisbaar wees. Gemaklikheidshalwe sal telkens van hierdie of daardie mens gepraat word.

(a) <u>Die teoretiese mens</u>: Die persoon wat volgens die teoretiese motief handel, soek steeds die wese van dinge. Hy is intellektualis en wetenskapsmens. Hy lewe nie om te eet nie maar om te filosofeer. As logiese denker is hy vyand van alle vaagheid. In die daelikse lewe is hy konsekwent en nugter en kan hy buitengewoon objektief, byna koud, teenoor alle probleme en selfs krisisse staan wat hulle voordoen. Die teoretiese mens in die onderwysberoep bekommer hom meer oor die leerstof as die kind. Hy is bang dat sy vak skade sal ly. Onder professore is dit diegene wat hulle doseerwerk as onaangename onderbrekinge van hulle wetenskaplike studies beskou. Hy bly gebonde aan die praktiese lewe met sy eise maar selfs hierin is alle utilisme hom vreemd en heg hy aan lewensgenot en geldelike wins weinig waarde. Die teoretiese mens is geen magsmens nie want daarvoor het hy te min belangstelling in sy medemens. Sy sosiale kontakte is uiters gering en voel hy hom hoogstens tuis in die gemeenskap van geesverwante. Die kuns interesseer hom weinig want daar is te min algemene wetmatighede. Vir soverre hy met die godsdiens nie gebreek het nie, is hy op religieuse gebied 'n stelsel bouer. Hy probeer om tot die diepste oorsake van alle dinge deur te dring langs die weg van die rede. Die persoon wat volgens hierdie motief handel, gee iets van die konkrete inhoud van die lewe prys aangesien die wetenskap nou maar

eenmaal/.....

eenmaal die konkrete werklikheid nie kan vat nie. Spranger tipeer hierdie tipe as volg: "Die Welt wird für ihn ein Fächerwerk von allgemeinen Wesenheiten und ein System allgemeiner Abhängigkeitsverhältnisse. Dadurch aber überwindet er die Gebundenheit an den Moment. Er lebt in einer mehr zeitlosen Welt; sein Blick umspannt eine weite Zukunft, bisweilen ganze Erdepochen, und in dieser Besonnenheit verschlingt er Vergangenes und Künftiges in einer gesetzlichen Ordnung, die er mit seinem Geiste meistert. Sein Ich hat Teil an der Ewigkeit, die von der ewigen Geltung seiner Wahrheiten ausstrahlt."(1)

(b) Die ekonomiese mens wil die konkrete werklikheid nie na sy wese nie maar na sy konkreetheid bemeester. Dit gaan gedurig om 'n kragsverhouding tussen subjek en objek. Hierdie kragsverhouding is van psigiese aard. Dis die gees wat na bevrediging van sy begeertes en oorwinning van sy moeilikhede soek. Die ekonomiese motief onderskei hom van die teoretiese en religieuse daarin dat hy hom met die fisiese werklikheid besighou terwyl laasgenoemdes die geestelike probeer deurvors. Waar die estetiese op die aangename as skone ingestel is, val by die ekonomiese die nadruk op die nuttige. Die norm op ekonomiese gebied is dié van die kleinste aanwendbare krag. "Alles wird für ihn zu Mitteln der Lebenserhaltung, des naturhaften Kampfes ums Dasein und der angenehmen Lebensgestaltung. Er verfährt sparsam mit den Stoff, mit der Kraft, mit den Raum, mit der Zeit, um ihnen ein Maximum nützlicher Wirkungen für sich abzugewinnen..... Aber der Wert seines Tuns liegt nicht in den Tiefen einer wertenscheidenden Gesinnung, sondern in den ganz äusserlichen Nutzeffekt."(2)

(c) Die estetiese mens bemoei hom ook met die wêreld buite hom en wel soos hierdie wêreld hom voordoen. Al die indrukke kom tot uitdrukking. Dit gaan om die konkrete beeld van die buitewêreld waarmee vereenselwiging plaasvind want die voorwerp word uitdrukking van persoonlike belewing. Hierdie mens raak nie die algemene nie; hy voel hom vry want met geringe inspanning van die verbeelding kan hy hom losmaak van die beperkinge van ruimte en tyd. Sulke mense "berühren sich nicht unmittelbar mit der Realität,

die/.....

(1) Ibid., 124.
(2) Ibid., 148.

die das Begehren und Handeln weckt. Sie sehen dem Bilderspiel des Lebens zu, freilich nicht theoretisch reflektierend, sondern einfühlend und geniessend-beschauend."(1)

(d) <u>Die religieuse mens</u> transendeer die los ervaringe van die daelikse lewe. Daar is 'n soektog om verband te kry tussen die persoonlikheid en die verskynsels van die hom omringende wêreld, en die Oerbron van alles. Waar dit in die geval van die ekonomiese om fisiese vergelyking en by die estetiese tussen werklikheid en fantasie gaan, is dit hier 'n waardering van die 'diesseit' aan die hand van norme wat van 'n bo-indiwiduele en meer as tydelike aard is. By die religieuse handeling is daar 'n soektog na die hoogste lewenswaarde. "Der Kern der Religiosität musz in dem Suchen nach dem höchsten Wert des Daseins gesehen werden. Der Zustand dieses Suchens ist Unruhe und Unbefriedigung..... Wer über den höchsten Wort in seinem Erleben noch schwankt, ist heimatlos, zerrissen, voll Verzweiflung. Wer das Höchste in sich gefunden hat und darin ruht, fühlt Erlösung, Seligkeit. Das Haben dieses religiösen Gutes kennzeichnet sich also immer durch das Erlöstsein."(2) In die religieuse moment staan die persoonlikheid teenoor iets transendent. Die verlossing van die persoonlikheid in al sy gebondenhede van ruimte, tyd en stof is geleë in die daad van oorgawe aan die transendente.

(e) <u>Die magspolitieke mens</u> eis alles op met die doel om te beheers. Die wetenskap is 'n magsapparaat en kuns 'n uitstekende propaganda- en dekoratiewe middel. "Der reine Machtmensch stellt alle Wertgebiete des Lebens in den Dienst seines Machtwillens. Für ihn ist zunächst die Erkenntnis nur ein Mittel zur Herrschaft. Der Satz: Wissen ist Macht, den wir bei dem ökonomischen Typus auf die technische Verwertung des Wissens deuteten, empfängt für ihn den Sinn, dasz er durch eine gesellschaftliche Technik über die Menschen herrschen möchte..... Seine Menschenkenntnis ist eine Art Hebelkenntnis, nicht eine blosz theoretische Begriffsbildung."(3) In die sosiale lewe strewe hy na leiding en is dit sy doel om sodanige magsinstansies te skep waardeur die wilsuitinge

van/.....

(1) Selz: op. cit., 9.
(2) Spranger: op. cit., 213.
(3) Ibid., 191.

van mense gekoördineer en gesubordineer kan word. Mag is egter geensins sinoniem met willekeur nie. Dit veronderstel wel ondergeskiktheid van die een aan die ander maar daarby is daar ook die gedurige besef van afhanklikheid van die een van die ander. Mag het derhalwe ook 'n etiese en selfs diep religieuse aspek. "Macht ist immer eine tatsächliche Überlegenheit, die nur durch den Wertgehalt des Machtsubjectes verständlich wird..... Der Herrscher fühlt sich als Diener Gottes. Eben deshalb aber fühlt er sich auch als Beauftragten Gottes. Er denkt sich seine Macht geradezu als ein Lehen, das er von der höchsten Weltmacht empfangen hat."(1) Daar kan derhalwe alleen van waaragtige mag sprake wees wanneer die magsfiguur die wilslewe van mense sodanig reël dat die hoogste waardes deur hulle aktiwiteite verwerklik word. Dan gaan dit om die regswil wat leier en onderdaan bind aan die hoogste kultuurwaardes. Die persoon heers dan om die vryheid van die indiwidu te verseker.

(f) <u>Die sosiale mens</u> vra aan wetenskap, ekonomie en kuns wat hulle die mens kan gee waardeur die samelewing warmer en inniger kan word. By die sosiale motief oorheers die liefde. Dit gaan nie om meerdere of mindere mag nie maar om meerdere of mindere simpatie. Die hoogste ontvouing van die sosiale motief is die liefde wat as dit uit 'n diepe gedrewenheid voortkom met die doel om by ander die hoogste lewenswaardes te bevorder, religieus van aard is. In hierdie verband moet Spranger self aan die woord gestel word. "Der einzelne Mensch wird zum Gegenstand der Liebe als ein Gefäsz der Werte. Man kann eine Seele lieben, weil in ihr der Wert des Wahren oder des Schönen oder des Heiligen erscheint oder weil ihre Kräfte ein erhöhtes Menschentum bedeuten. Es mag daher sein, dasz zur Liebe eine eingehüllte Sehnsucht nach dem Wertgehalt des Lebens gehöre, .... sie selbst aber liegt noch tiefer: sie bleibt rein etwas in sich, nämlich die Hinwendung zum anderen Leben um seiner bloszen Wertmöglichkeiten willen. Mit der begrifflichen Zerlegung des zuletzt Unformulierbaren, auf die die Wissenschaft nicht verzichten kann, sagen wir daher, dasz die Liebe in anderen Menschen, - in einem, einigen oder vielen -, mögliche Wertträger überhaupt erblicke und in ihrer Förderung den

letzten/.....

(1) Ibid., 199.

letzten Wert des eigenen Lebens finde. .....In der vollendeten Liebe versinken die Schranken der Individuation. Ichgefühl und Dugefühl, Selbstheit und Selbstentäuszerung, Freiheit und Verzicht fallen in ihr durchaus zusammen. Es ist ein anderes Selbst, das liebt, als das begehrliche und selbstsüchtige; es ist ein Überich, das sich im Du wiederfindet. Man kann nicht leugnen, dasz in der Blickrichtung, die das fremde Leben als einen möglichen Wertträger ehrt, etwas Religiöses liegt. Denn wer den anderen so auffaszt, der gibt damit dem ganzen Leben schon einen Sinn, nämlich die Richtung auf den Wert überhaupt. Aber dieser religiöse Zug tritt erst dann in höchster Ausprägung hervor, wenn alle Menschen in diesem Lichte gesehen werden. Der soziale Typus kann auch in enger Gestalt auftreten: eine Frau kann ihrem Gatten, eine Mutter ihren Kindern, ein Diener seinem Herrn - en mag ons byvoeg: ein Lehrer seinen Schülern - in diesem hingebenden Sinne leben. .....Alles, was unter die Namen Sympathie und Solidarität fällt, ist nur Abschattung der geistigen Grundkraft in flüchtigen oder rational gewollten Verhältnissen."(1) Verdere kommentaar is heeltemal oorbodig.

Afsluitend moet kortliks daarop gewys word dat die tipologie van Spranger dikwels op een lyn met dié van Heymans, Pfahler, Kretschmer, Ewald, Jung, e.a. geplaas word. Niks is egter minder juis as dit nie. Spranger kom tot sy tipes deur die opspoor van waardes wat in die kultuurlewe 'n dominerende rol speel. Hy neem aan dat die praktiese houding wat die mens teenoor hierdie waardes inneem, karakteristieke verskille openbaar. Die een groep gee voorkeur aan teoretiese waardes, 'n ander aan godsdienstige waardes, 'n derde aan die sosiale, ens. Daar bestaan egter geen enkele rede nie om aan te neem dat die verskillende gestruktureerde waardegebiedens aan tipologiese strukture van mense in die biologies-psigologiese sin van die woord sou beantwoord nie. Sy tipologie wys na 'n ander terrein en wel na die inhoudelike rigtingsgeaardheid van die mens tot die sinvolle realiseringe van die gees in geobjektiveerde vorme. Wanneer daar van 'n temperamentstipologie of 'n tipologiese karakterologie gepraat word, moet dit nie op een lyn met die Sprangerse tipes geplaas word nie. Sy tipes is ook geen aanvulling of kompletering van die voornoemdes nie maar beliggaam 'n poging om die verskillende inhoudelike gerigthede van die mens bloot te lê.

Sy/.....

(1) Ibid., 172-173.

Sy taak was om tipes van psigiese gerigthede op geobjektiveerde kultuurvorme aan te toon. Sy tipes is vorme van lewenstipes en sy bevindinge die uitkoms van 'n soektog na moontlike inhoude van grondhouding van mense teenoor hulle probleemverbondenhede. As sodanig verteenwoordig hulle tipes van lewensopvatting gesien vanuit geobjektiveerde kultuurvorme. Hulle is geïdealiseerde wesenhede, en dit is die tipe in sy tipiese tog altyd. Dit was Spranger nooit te doen om die konkrete werklikhede as sodanig te benader nie. Wat hy wou doen, was om ideale tipes te beskrywe, dit wil sê, te idealiseer en te isoleer.

Spranger het niks minder nie as 'n geniale inval belewe om op grond van die motiewe wat hy in die lewe van mense raakgesien het, ook verskillende tipes te ontwerp. Maar in die ontwerping daarvan het hy beslis nie empiries te werk gegaan in die sin dat hulle resultate van induktiewe generalisasie is nie. Om dit te kon doen, - in die bestek van veertien dae is die oorspronklike stuk ontwerp en voltooi, danksy 'n gelukkige ingewing, soos hy self sê - moes hy met die geobjektiveerde kultuurvorme of die idees rekening hou. Ook hier weer spreek genoegsaam dat die ideaaltipiese of die gekonstrueerde ideaalgeval empiriese benadering moontlik maak.(1)

4. <u>SOORTE VAN GRONDHOUDING BY KOHNSTAMM</u>: Ph. Kohnstamm (1875- ) bied in die lig van eie lewensopvatting mynsinsiens merkwaardige tipologieë van lewensopvatting aan. Sy beskouinge is van besondere betekenis vir die ontwerping van

proewe/.....

(1) Die tipes van Heymans, Kretschmer, Jung, Jaensch, Pfahler, Künkel en Ewald is geen karaktertipes of tipes van lewensopvatting nie. Dis almal temperamentstipes. Tot sover is slegs een karakteroloog bekend, nl. Klages.
Oor Spranger kan verder geraadpleeg word:
(a) Kriekemans: op. cit., 232-240.
(b) Rümke: op. cit., 228-231.
(c) Ter Haar: Hedendaagsche karakterkunde, 113-167.
(d) Langeveld: op. cit., 314-318.
(e) Selz: op. cit., 1-25.

proewe van 'n pedagogiese tipologie.

Kohnstamm neem nie genoeë met die indelinge van Dilthey en Spranger nie. Wat eersgenoemde betref, is hy die oortuiging toegedaan dat met verstand, wil en gevoel as gronde van indeling nie alle tipes van lewensopvatting 'n plek kan kry nie. Dilthey kan byvoorbeeld geen plek vir die Indiese lewensopvatting en die mistiek gee nie. 'n Algemene tipologie sal dus ruimer moet wees as dié van Dilthey. In aansluiting hierby moet ook die feit vermeld word dat wat Dilthey in sy tweede groep bymekaar bring, baie heterogene opvattinge verteenwoordig. "De Kerkvaders, de scholastici en de reformatoren zouden waarschijnlik wat verbaasd zijn als zij zich in zoo nauwe verbinding zagen gebracht met de wijsgeeren, daar genoemd. En die verbazing zou vermoedelijk blijken wederkerig te zijn. In noch de Indische, noch de Chinese levenshouding laat zich gemakkelijk een plaats aanwijzen in de driedeling van Dilthey. En daarvan is deze ook wel bewust."(1) Wat Dilthey ten slotte as indelingskema sien, bly tot die humane niveau beperk. Vir Kohnstamm is dit 'n uitgemaakte saak dat vanuit uitsluitlik humane niveau die diepste roersels nie ontdek kan word wat die verskil in lewenshouding bepaal nie. Sodra mens ingesien het dat daar ook nog 'n ander niveau is waarin die mens sy eintlike verankering het, ontdek hy die sleutel vir die diepste verskeidenheid tussen mense. "Alleen vanuit de verschillen van inzicht, gevoel en de wilsrichting tot den medemensch kunnen wij de diepste verschillen van waarde-erkenning niet doorgronden. Er is een boven het humane gelegen niveau van menschelijk denken en doen, waarin de totaliteit van ons besef van leven en verantwoordelijkheid zich eerst uitdrukt. En dié verschillen, die fundamenten zijn voor het menschelijk leven in al zijn uitingen, komen by Dilthey nog niet tot hun recht."(2)

Kohnstamm is van oordeel dat hy in staat is om 'n fundamentele verskeidenheid in menslike geesteshoudinge te kan aanwys wat tot 'n ruimer indeling lei en die geleentheid bied om die groepe wat deur Dilthey gevorm is 'n plek aan te

wys/.....

(1) Kohnstamm: E.N.S.I.E., Deel I, 494.
(2) Kohnstamm: Mensch en Wereld, 188.
cf. ook Kohnstamm: Persoonlijkheid in Wording, 92-96.

wys met behoud van hulle samehang maar sonder die noodsaak om christelike denkers met wysgere in dieselfde groep saam te bring terwyl hulle sulke sterk teëstellinge vertoon. Die verskeidenheid berus op die fundamentele verskil waarin die persoonlikheid hom geplaas vind ten opsigte van die oergrond van die werklikheid. Hy praat dan in hierdie verband van 'n fundamentele trits waarmee bedoel word dat 'n mens een van drieërlei grondhouding kan inneem. Hulle is die volgende:


(a) Die grondhouding van Heers-oor: Die persoon kan hom as geroepe ag om oor die wêreld te heers. Dit beteken dat geen norm of gesag bokant hom erken word nie en dat hy homself bevoeg ag om alles wat buitekant homself bestaan, aan homself te onderwerp. Hierdie pretensie om oor alles buitekant homself te beskik, is konsekwent uitgewerk en deurgevoer deur Max Stirner in sy bekende werk "Der Einzige und sein Eigentum". Die godsdiensfilosofie kwalifiseer hierdie houding as ateïsties.


(b) Die grondhouding van Opgaan-in: Dis die lynreg teenoorgestelde van eersgenoemde. Die beskouing is dat die eie heil en dié van die wêreld daarin bestaan, dat die individu homself nie moet behou om te heers nie, maar dat hy homself moet verloor en moet opgaan in 'n onpersoonlike wêreldgrond. Alle strewe word dan gekonkerk deur 'n universalistiese tendens. In die proses van groter eenwording verdwyn die persoonlikheid, die ander en die Persoon. Hierdie eenwording is die hunkering wat die godsdienspsigologie en -filosofie by alle egte mistiek, veral in die leer van Boeddha aantoon en wat as panteïsme gekwalifiseer word. In die 19de eeu was Schopenhauer een van die groot westerse wysgere wat hierdie beskouing gehuldig het. Derhalwe kon daar vir hom ook geen plek in die driedeling van Dilthey gevind word nie. Die fundamentele houding hier is die begeerte om een te word met die geheel waaruit die mens kom.

(c)/.....

(c) Die grondhouding van Liefhê: Die persoon kan die Oergrond van die werklikheid waarin dit hom bevind, in 'n Persoonlike Skepper sien, wat oor wil en insig beskik, aan wie verantwoording verskuldig is en deur wie dit tot verantwoording geroep word. Hierdie persoon-Persoonsverhouding word die diepste grond van die mens se bestaan en bewuste lewe. Die Bybel van Genesis to Openbaring bevat nie alleen hierdie gedagte nie maar maak dit ook die grondslag van alle kenning, strewing, belewing en keuring. Die persoon-Persoonsrelasie word een van barmhartigheid en liefde. Liefde veronderstel en vereis altyd 'n persoonsrelasie en wel 'n persoon-Persoonsverhouding wat tesame met die gedagtes van verantoordelikheid en barmhartigheid 'n persoon-Persoon-persoonsrelasie word. Die mens bestaan dan as kreatuur van God onder sy mede-skepsels. Die godsdiensfilosofie en -psigologie tipeer hierdie grondhouding as teïsme.

Kohnstamm maak van 'n topologiese skema gebruik as hulpmiddel om 'n oorsig oor die veelheid van lewensopvattinge en hulle onderlinge verhoudinge te verkry. Daarvoor kies hy 'n gelykbenige driehoek met hoekpunte H.O.L. Hierdie hoekpunte stel die grondhoudinge van heers-oor, opgaan-in en liefhê in hulle volstrekte suiwerheid voor. Die volgende diagramme dien ter illustrasie.




Dis/.....

Dis onverskillig by watter punte die onderskeie lettertekens geplaas word want dit gaan nie om waardering nie maar suiwere deskripsie alleen. Wanneer daar van waardering sprake is, kan mens dit doen deur H. bo-aan te plaas waarmee dan aangedui word dat iemand hierdie standpunt toegedaan is, of O.L. kan bo-aan verskyn wanneer te kenne gegee word dat hierdie twee gelykwaardig geag en H. verwerp word.

Alle moontlike punte op die sye en binne-in die driehoek stel moontlike grondhoudinge voor. Buitekant die driehoek lê niks. In werklikheid kom geeneen van die drie genoemde moontlikhede suiwer voor nie. Dis korrekter om te sê dat in elke lewenshouding daar 'n oorwegende grondhouding is maar dat in die lewe en werk van die persoon ook een van die ander of albei minstens in sommige fasette van hulle lewe tot uiting kom. Die lewenshouding waarin twee grondhoudinge vorentoe kom, verskyn op die sye van die driehoek, dié waarin al drie ongeveer ewe sterk verteenwoordig is, in die middel daarvan. Na mate die punt nader na een van die hoekpunte skuiwe, in dié mate spreek die oorheersende grondhouding. Die stelsels van opgaan-in sentreer om die hoekpunt O, dié van liefhê om L en dié van heers-oor om H. Hierdeur word 'n skeiding tussen die voorstanders van die idealisme van die vryheid aan die een kant en Reformatore aan die ander kant moontlik. Verder moet ook duidelik in die gedagte gehou word dat die verskillende houdinge hulle op verskillende gebiedens laat ken. Die ervaring leer dat geen mens al sy funksies in oorheersing botvier nie. Iemand mag met sy denke die wêreld wil beheers terwyl hy op geslagtelike gebied nie die minste blyke daarvan gee nie.

As goeie wetenskaplike erken Kohnstamm dat hierdie topologiese skema nie op volledigheid aanspraak kan maak of langer mag maak nie. Dis op twee gronde dat hy hierdie bewering maak:

(i) Die vraag is of dit fenomenologies geoorloof is om die objektief-idealistiese grondhouding teenoor die oergrond van die werklikheid as 'n tussenvorm tussen die christelike houding en dié van opgaan-in te mag voorstel. "Is het niet veeleer zoo, dat vele idealisten, al erkennen zij de Ik-Gij-relatie van het Christendom niet, hoge en blijvende waarde toekennen aan de menselijke persoon en die gedachte tot uitdrukking brengen in hun hoge waardering van menselijke gemeenschap als het hoogst denkbare ideaal, dus als een Wij boven alle Ik? En als het zo is, dient men dan niet in de plaats van de drie grondhoudingen van het Ik tegenover de wereldgrond, waaraan onze driehoek tracht uitdrukking te geven, een oorspronkelijk viertal te stellen, dus het idealisme - dan wellicht beter humanisme genoemd - als een even oorspronkelijke en onherleidbare grondhouding aan te duiden als de drie van heersen-over, opgaan-in en de Ik-Gij-relatie?"(1)

(ii) In sy skema word met die buite Europese kultuur ruimer rekening gehou as in die stelsel van Dilthey. Sy kennismaking met die Sjinese kultuur het hom egter voor nuwe probleme gebring. In hierdie eeue-oue kultuur het ons met 'n ander eschaton te doen wat nie onder een van die drie genoemde lewenshoudinge tuisgebring kan word nie. Die leer van Confucius en alles wat daaruit voortgekom het, het 'n uitgesproke suiwere humanistiese struktuur. Die oorgelewerde vorme van kultus en verdere uitinge van religie ken 'n besonder sterk normgewende gemeenskapsgedagte. Dit ken egter geen Persoonlike God in Bybelse sin nie maar ewemin die nirvana-gedagte of die idee van die niks wat eenmaal alle bestaan in hom sal opneem om daardeur 'n einde te maak aan alle lyding wat onherroepelik verbonde is aan alle persoonlike bestaan nie.

Kohnstamm wys verder daarop dat in Europa nooit 'n suiwer humanistiese kultuur ontwikkel het en hom vir eeue kon handhaaf nie, behalwe die Christendom. Selfs nog by Plato en Aristoteles kry ons in die beoordeling van die verhouding van die mens tot sy medemens bepaalde aspekte wat aan die gedagte van heers-oor laat dink. Beide is daarvan oortuig dat alle mense nie van gelyke maaksel is nie en dat die mensheid in twee kategorieë uiteenval, naamlik

dié/.....

(1) E.N.S.I.E., 496.

wat tot vryheid gebore is en dié wat deur hulle aard tot slawerny gedoem is. Dit was eers in die mensbeskouing van die Stoa dat almal as gelyk en gelykwaardig beskou is. Die geboorte van die humanisme vind vrywel gelyktydig plaas met die koms van die Christendom. Daar was altyd sterk onderlinge inwerking tussen die twee dat dit moeilik is om op hierdie punt uit te maak wat die geval sonder die inwerking sou wees. Die Sjinese kultuur ken so'n inwerking geheel-en-al nie en tog bestaan daar vir duisende jare 'n beskawing wat op die prinsipiële veronderstelling berus dat alle mense gelykwaardig is en dat hulle deur studie en inspanning in die besit van geestelike goedere gekom het. Behalwe dat Sjina geen kaste-indeling ken nie, bestaan daar ook geen grenslyne tussen mense en groepe wat sogenaamd deur erflikheid en veronderstelde aanleg bepaal sou wees nie. In Sjina heers 'n mensbeskouing wat net so oorspronklik is as dié van heers-oor, opgaan-in en liefhê. "Het 'wij' niet als een heerschend, maar als een dienend wij, zonder het Eschaton van het opgaan-in, gelijk in het Boeddhisme, en zonder een persoonlijke macht daarboven, toont hier de kern te zijn van een statische kultuur".(1)

Om 'n ruimtelike skema vir hierdie noodsaaklike bykomende tipe van lewensopvatting aan te bied, beteken dat van 'n wyer beeld gebruik gemaak moet word soos byvoorbeeld die tetraëder in die ruimte of die kruis in die plat vlak. Oor watter een die geskikste sal wees, het Kohnstamm hom nog nie uitgespreek nie.

5. <u>'N EIE TIPOLOGIE VAN LEWENSOPVATTINGE</u>: Herhaalde male is benadruk dat 'n pedagogiese tipologie in werklikheid beteken 'n tipologie van lewensopvatting. Laasgenoemde is daardie sisteem of eenheidsbeeld van 'n persoon of persone waarin sy

of/.....

(1) Mensch en Wereld, 191 en 276-286.

of hulle opvattinge van die waardevolle en behoorlike met betrekking tot sinvolle mensebehandeling uitdrukking vind. Om dit anders te formuleer: dit is die gestalte wat hy of hulle deur sy of hulle beroepswerk aan die idee van die opvoederspersoonlikheid gee. Die idee van die opvoederspersoonlikheid is regulatief en normatief vir beide opvoeder en opvoedeling, dit is regulatief en normatief vir lewenshouding en beroepswerk.

In die lig van die omvattende feitemateriaal wat op baie kursoriese wyse onder oënskou geneem kon word, het ondubbelsinnig geblyk dat ons met 'n veelheid van lewensopvattinge te doen het. Die gevolge hiervan is dat die grondhoudinge van persoonlikhede teenoor hulle werklikheidsverbondenhede van 'n baie uiteenlopende, selfs heterogene aard kan wees. Elke mens het 'n grondhouding kragtens sy bestaan, maar die grondhouding is nie by almal dieselfde nie en wel omdat die lewensopvatting so verskillend is. Grondhoudinge verskil by indiwidue, volkere en kulture. So verskil die Ooste van die Weste terwyl die Ooste onderling met die Ooste en die Weste onderling met die Weste verskil. Volkere en indiwidue lewe uit hulle geobjektiveerde kultuurvorme as gekontinueerde projeksies van die gees. Dit is hulle voedingsbodem. Dit is die gekristalliseerde beskouinge oor mens en lewe en die waardevolle in die lewe wat bepalend is vir lewenshouding en arbeidsverrigting. Dit is die ideologiese momente wat nie alleen persoonlikhede met mekaar laat koöpereer nie maar ook met mekaar in botsing bring en wat kulture laat verrys om daarna in ashope verander te word. Die mens lewe nou maar eenmaal uit bepaalde inhoude van die ryk van die gees, al gee hy hom nooit rekenskap van die inhoude nie.

Elke/.....

Elke volk hou hom met 'n vorm van georganiseerde opvoedingswerk besig. Dit het sy opvoeders van beroep wat hy werf of wat hulle vir daardie diens aanmeld. Wat as waardevol beskou word, word deur hulle langs die weg van opvoeding en onderwys bestendig. Opvoeding is die gesistematiseerde wyse van oordrag van bepaalde inhoude uit die geobjektiveerde kultuurvorme. Dis die taak van die opvoeder van beroep om op stelselmatige en verantwoordbare wyse die ideologiese momente te laat inslaan om 'n sodanige lewenshouding by die jeug te ontwikkel dat hulle deur wil en waardebepaling, gesindheid en gedrag die idee sal benader waaruit die volk gelewe het en waaruit hy op die pad na sy bestemming behoort te lewe of eis om te lewe. Omdat die irrasionele in die mens se bestaan met insluiting van sy verlede en verwagtinge vir die toekoms so'n oorweldigende rol speel, en niemand op uitsluitlik logiese gronde sy lewenshouding kan regverdig nie, bly die beste poging om 'n lewensopvatting te formuleer maar 'n kunsmatige aangeleentheid. Die produkte daarvan wat waardeer en beoordeel kan word, is maar indikasies van die wese daarvan, terwyl elke interpretasie in terme van die lewensopvatting geskied. Die ewige ideë word verskillend geïnterpreteer en sal hierdie ideë by enige pedagogiese tipologie as tipologie van lewensopvatting noodwendig verskillend spreek.

In hierdie afdeling gaan dit nie om waardering en beoordeling nie maar suiwere deskripsie. In die lig van die veelheid van rigtinge van lewensopvatting sal 'n pedagogiese tipologie ook êrens 'n plekkie moet hê maar dit sal alleen proewe kan wees want dit weerkaats die benaderingswyse van die idee van die onderwyser van 'n besondere groep in 'n bepaalde periode met bepaalde ideologiese momente uit die kultuur van die Weste. Die proewe van 'n pedagogiese tipologie

wat/.....

wat aangebied sal word, moet in die groot geheel 'n toewysing kry. As daar ander is, sal die teëstellinge moet blyk. Om sy plek te kan aanwys, vanselfsprekend na empiriese ondersoek, moet die veelheid van lewensopvattinge eers oorsigtelik gemaak word. Skrywer hiervan wil in alle beskeidenheid 'n eie indeling aanbied wat 'n bydrae in hierdie rigting wil wees. Met die bestaande tipologieë van lewensopvatting moet rekening gehou word aangesien hulle reeds die eiendom van 'n groot deel van die Weste is. Vir die doel van 'n eie tipologie van lewensopvattinge word alleen die drie wat onder bespreking was, oorweeg.


Die tipologieë waarvan Dilthey en Kohnstamm melding maak, kan in 'n sestal saamgevat word, elkeen met 'n eie eschaton (hier in aksiologiese sin bedoel). Hulle is die volgende: (a) die eschaton van die liefde; (b) van eenwording (die opgaan-in van Kohnstamm); (c) van oorheersing (die heers-oor van Kohnstamm en die positiwistiese naturalisme van Dilthey); (d) van vryheid (die subjektiewe idealisme van Dilthey); (e) van harmonie (die objektiewe idealisme van Dilthey) en (f) die eschaton van die gemeenskap (die Sjinese gemeenskapsbeskouing). Die Sprangerse tipes kan hierby aansluiting vind. Maar dan moet twee van sy bestaande vorme saamgevoeg word, en wel die magspolitieke en die ekonomiese mens. 'n Toevoeging moet dan tot die Sprangerse tipes gemaak word, naamlik die sedelike. Die sedelikheid moet as net so'n kultuurwaarde as godsdiens, kuns, wetenskap, ens. beskou word. ('n Skrywer soos Korevaar is daarvan oortuig dat die tegniese tipe ook bygevoeg moes gewees het.[1]). Ons kry dan die volgende: (a) Met die eschaton van die liefde val saam die religieuse mens; (b) met eenwoording die teoretiese; (c) met oorheersing die magspolitieke en ekonomiese; (d) met

vryheid/.....

(1) cf. Korevaar: Techniek en Wereldbeschouwing, 43-47.

vryheid die sedelike mens; (e) met harmonie die estetiese en (f) met die eschaton van die gemeenskap val die sosiale mens saam.

Wanneer van tipes van lewensopvatting gepraat word, kan hulle as volg gekwalifiseer word: (a) afhanklikheid; (b) drang tot eenwording; (c) selfstandigheid; (d) heroïeke lewensaanvaarding; (e) werklikheidsbelewing en (f) gemeenskapsordening of humaniteit. Indien tot 'n topologiese skema oorgegaan mag word, skyn dit asof die globus of sfeer die beste illustrasiemiddel is. Die genoemde ses tipes kan elkeen sy plek aan die bolkant kry van die drie middellyne wat mekaar reghoekig sny. Twee tipes aan die pole van elke middellyn staan geensins in teenspraak met mekaar nie maar lê alleen die verste uitmekaar. Die poolgroeperinge is afhanklikheid en selfstandigheid; eenwording en lewensaanvaarding; werklikheidsbelewing en gemeenskapsordening.




Die ses poolpunte stel die onderskeie lewensopvattinge in hulle voorstelbare suiwerheid voor. Dis die ideaal-tipiese. Geen indiwiduele mens, groep, volk of kultuur lê uitsluitlik op die een pool nie. Hulle besit

iets/.....

iets van elkeen maar met elkeen se aangewese plek op die oppervlakte van die sfeer neig die indiwidu, groep, volk of verwante kultuurgemeenskappe in 'n oorheersende mate na een van die pole. Die oorheersende lewenshouding buig alleen die ander om, veredel of vermink hulle in hulle benadering van die ideaaltipiese. Aan die uiteensetting en beskrywing van die verskillende tipes word hier nie verdere aandag geskenk nie. Dit is indirek reeds gedoen en wat meer is, hierdie is 'n eerste aanbieding. Die verdere taak sal nou wees om te probeer vasstel waar op die oppervlakte van die sfeer die uitgevoerde proewe van 'n pedagogiese tipologie geleë is.